
# 105 Ek sien 'n nuwe hemel kom




Die nuwe stad, Jerusalem,
daal uit die hemel neer:
skoon soos 'n bruid in heerlikheid;
geliefde van die Heer.

Die Heer droog al die trane af,
verby is droefheid, dood.
Ja, pyn en smart wyk uit die hart;
ons moeite, angs en nood.

“Kyk, Ek maak alles nuut,” sê God.
“Laat hom wat dors het, kom.
En hy sal vind, hy is my kind;
Ek is 'n God vir hom!”

Oorwinnaars, sal ons alles erf
en drink uit die fontein
van lewenswater, heerlik, rein;
en God sal oor ons skyn.

Izak L. de Villiers (1936-2009) J.S. Irvine (1836-87)